# Die Heuwels Fantasties, Vinger Alleen (ft. Adriaan

Hierdie tyd van die jaar
Hoekom is ek so seisoenaal
Dit klink dalk banaal
As die as wat ren jou begrawe
Van die torings wat jou omring
Meestal gister s'n
Skielik skeur hierdie seun middeldeur

My uitsig is 'n mooi skarlakenrooi
'n Helder pragtige nagmerrie
Die eenvoud laat my koud
Jou onskuld bewys
'n Mors van my tyd

Ons almal wou mos brand
Met net die stad se ligte aan ons kant
Flikker
Blink
Verrinneweer
Verlep
Verskeur
Al weer

Die eerste keer is altyd seer
Twee vingers en jy het iets geleer my kind
Van oorgee aan die vlees van 'n vrou
En van 'n man vir haar wees

Haar impulsiewe negatiwiteit
Ek het idees wat uit jou moet uit
Haar koud laat jou spyt

Die pis op my drome
Jou heilige woorde
Soos standaardakkoorde
My broers my sinode
My verkose narkose is maar wreed
Maar waar

Die eerste keer is altyd seer
Twee vingers en jy het iets geleer my kind
Van oorgee aan die vlees van 'n vrou
En van 'n man vir haar wees

My bloeddorstige lus vir immoraliteit
Ek het idees wat uit my moet uit
Maar haar koud laat jou steeds spyt
(Haar koud laat jou steeds spyt)

Die Heuwels Fantasties - Vinger Alleen (ft. Adriaan Brand) w Teksciory.pl